

# Verbind provinsies; bied hengelparadys

**Die Bloemhofdam, 'n opvangdam in die Vaalrivier wat etlike kilometers ver die grens tussen die Vrystaat en die Noordwes-provinsie vorm, is 'n bekende hengelbestemming vir veral karp ("golden carp") en skerptandbaber ("sharptooth barbel; catfish"). Hengel vind vanaf die Vrystaatkant by die Sandveld-natuurreservaat, of die Noordwes vanaf die Bloemhofdam-natuurreservaat en Verlatenskraal plaas. Die sportsoort word dwarsdeur die jaar beoefen. Meer as 250 soorte voëls is ook by die natuurreservate aangeteken. Dié brug, waarvan net meer as die helfte op die foto sigbaar is, verbind die twee provinsies. Die Bloemhofdam is in 1970 amptelik geopen. Bloemhof is een van die 23 dorpe waarheen *NoordkaapBulletin* weekliks versprei. Lees die berig op bl. 8 vir meer inligting oor die naweek se Bloemhof Bonanza-hengelkompetisie wat plaasvind.** FOTO: HELENA BARNARD

Hoofartikel

# Vryheid is geen wonderwerkwoord

**Sy is twee jaar ná die eerste demokratiese verkiesing gebore.**

As 'n plattelandse kind van 'n verafgeleë gehuggie was die naaste skool wat sy kon bywoon, 'n plaasskool.

Hier is elke skooldag voor die skoolgebou met sy drie klaskamers, een kantoor en puttoilette begin. Die hoof het met skriflesing en gebed geopen, daarna het hulle "Nkosi Sikelel' iAfrika" gesing.

Kinderstemme, die dreun van trekkers, bulk van beeste, blêr van skape en kekkel van hoenders was 'n simfoniese seënwens na die hemel.

Pouses het hulle kos gekry, deur die departement verskaf. Die vrou van die plaas het toegesien dat liters vars melk elke eerste pouse by die skool afgegee word. Die vrou het 'n biblioteek begin waar hulle boeke kon lees, en prente uit tydskrifte en koerante vir skooltake knip.

Elke sertifikaat wat sy ontvang het, het haar ouma trots vir die vrou van die plaas gewys. Want die vrou van die plaas het graag gehelp; graag die lewe makliker probeer maak.

Haar ouma was haar alles, want haar bloedma en -pa was jare reeds oorlede.

Tyd het nie ledig stilgestaan nie; sy aanstap het veranderinge gebring. Ook dood en verhuising. Die plaasskool is deur die departement toegemaak en die kinders moes die nuwe groot skool in die groot dorp bywoon.

Haar ouma het ook na dié dorp verhuis – want daar, so is sy belowe, kry sy 'n eie stukkie grond en 'n eie steenhuis met water en elektrisiteit.

Die groot skool was ná jare nie klaar gebou nie; die spoeltoilette meestal onbruikbaar weens 'n rompslomp met waterverskaffing.

Haar skoolloopbaan is onherstelbaar geknou deur stakende onderwysers en boukontrakteurs. Haar ouma is oorlede sonder dat selfs twee stene van haar beloofde huis op mekaar gepleister is.

Sy leef op "social grant". Sy pas haar twee kinders op terwyl die pa elders werk. Sy hou die sinkhuisie waarin haar ouma gebly het, skoon en netjies. Sy stof elke dag haar ouma se "room divider" af. Sy luister uit vir vaardigheidsprogramme vir jong vroue soos sy wat met wiskunde en wetenskap gesukkel het. Sy smag na 'n werk en 'n inkomste; na iets om net vir haarself te doen.

Vandag, op die 29ste Vryheidsdag, voel sy nie vry nie.

Little gem

## freedom

Freedom Day is celebrated on 27 April in South Africa

- As free as a bird: Someone who has no worries, commitments or problems.
- Spread your wings: Make the most of the new chapter or place in your life.
- Elbow room: The space or freedom to do something.

– **improving-your-english.com**

**Hou jou selfoon se kamera oor dié blokkie om *NoordkaapBulletin* te lees. Lees elke week die nuutste koerant as 'n e-publikasie by streeksnuus. netwerk24.com en volg die Facebook-blad NoordkaapBulletin vir daaglikse plasings.**

Twyfelhoekie

# Selfregverdiging kom teen 'n prys

HANNES NOËTH

**Ons doen dit almal.**

Ons regverdig onsself te maklik.

En kyk te vinnig weg van onsself af.

Dit is jammer en dien geen saak nie.

Natuurlik moet 'n mens opkom vir wat reg is en moet jy vir die waarheid veg en moet jy ook die waarheid dien.

Natuurlik moet 'n mens opstaan teen onreg en moet 'n mens die reg soek.

Maar dit is nie waaroor dit nou hier gaan nie.

Dit gaan oor ons onsself so maklik regverdig.

Meestal kom dit teen 'n prys.

Ons wil so tot elke prys reg wees dat ons mense daardeur sal verloor, verhoudinge sal versaak, goeie sake sal laat skade kry – solank ons net reg mag wees.

Reg kan wees.

Ons begin klein-klein in ons lewe daarmee wanneer ons skuld die eerste keer verplaas.

Jare gelede het ek gelees ons moet oppas om, wanneer ons kinders hul kop teen die tafel stamp, te sê: "Dom tafel, stoute tafel." Só leer ons skuld verplaas na selfs iets wat op een plek staan en nie eens self kan beweeg nie.

Die werklikheid is: Ons moet leer om skuld te vat.

Soms moet ons kan opstaan en sê: Ek hoor, ek was verkeerd, ek is jammer. Die gevolge en die genade van ons verkeerddoen moet ons saam leer dra.

Die probleem is net dat dit so maklik is om iemand anders altyd die skuld te gee.

Skuld weg te skuif.

Myself te verontskuldig.

Dit kom teen 'n prys.

Soms is ons net verkeerd.

Punt.

Potpourri

# Ooreenkomste wen

KARIN MULLER

**Iemand stuur onlangs vir my 'n dierbare video.**

Dit gaan oor kindertjies wat twee-twee afgeneem word, en die volgende vraag word aan altwee gestel: "Wat is, volgens julle, die grootste verskil tussen julle?"

Nie net was dit vir hierdie kleintjies moeilik om hierdie vraag te antwoord nie, sommige het 'n antwoord probeer uitdink.

"Ek hou meer van blaarslaai as sy. Sy hou glad nie van blaarslaai nie," was die een antwoord.

"My tone is groter as syne," was 'n ander antwoord.

Die feit dat hulle van ouderdom of ras of geslag of bloot op voorkoms verskil, het glad nie by hulle opgekom nie.

Nie omdat hulle moedswillig was nie, bloot omdat hulle nie daardie verskille, soos volwassenes, raakgesien het nie.

Dit het geen verskil by hulle gemaak nie.

Hulle is kinders.

Hulle is maatjies.

Hulle is mense.

En dit is vir hulle genoeg.

Vir 'n oomblik het ek gewonder hoe ongelooflik die wêreld daar sou uitsien as die gemiddelde mens nie in verskille nie, maar in ooreenkomste met hul kollegas, bure en mense in die algemeen, kon vaskyk.

Veronderstel werknemers sou vaskyk in die gemeenskaplike doel om hul werkgewer se belange op die hart te dra en te doen wat die beste vir die besigheid is – hoeveel makliker sou dit nie wees om saam te werk nie.

Dalk moet ons daarop konsentreer om meer ooreenkomste en minder verskille in mekaar raak te sien.

Kameeldoring

# Dié wonde wys nie

CHARNÉ KEMP

**"Some wounds never show, not even in the mirror, until we see them in the expressions on the faces of people we love."**
**– Cameron Jace, *Cinderella Dressed in Ashes***

Die letsels van emosionele wonde kleef soos dormante pitswere. Op die oog af span die vel glad daaroor, maar in die donker ure kan dit kloppend pyn. Op 'n dag kan iets die sweer ontketen en emosies soos lawa uitborrel. Of dit nou 'n toespaak by 'n onthaal is, 'n onverwagse kompliment, 'n baba se lag, of 'n liedjie op die radio.

Die mens se wese sit in sy gene, en in sy of haar grootwordjare. Die hartseer en die vreugde daarvan. Die hoogtepunte, die laagtepunte.

Baie daarvan is verberg, tog bly van die seer wat ouers, onderwysers en andere aangerig het net onder die oppervlak.

Letsels is alomteenwoordig. Dit is nie net middeljariges of bejaardes wat swaar dra nie.

Jongmense ook, veral in 'n tyd dat boelies, groepsdruk en sosiale media die grootword bemoeilik. Jong mans wat weens afwesige ouers nie geleenthede het om te studeer nie en ronddobber, jong mans wat deur hul pa's verneder is en versugting in alkohol soek, of onsekere meisies en vroue wat misbruik en gemanipuleer word.

Al probeer jy jou skade met opvoeding, beter lewenskeuses en prestasies neutraliseer, is daar altyd 'n onbewaakte oomblik wanneer dit opborrel.

Oomblikke waarin jy mag snik, uitpraat, huil, stil word in 'n omhelsing van 'n vertrooster. Dit bring verligting, aanvaarding, vertroosting.


Wees hier vir jouself, vir hulle, vir ons.


CENTRAAL24

NOORDKAAP BULLETIN

| | | |
|---|---|---|
| **REDAKTEUR / EDITOR** | | |
| Helena Barnard | helena.barnard@media24.com | |
| **MEDEWERKER / EDITORIAL MEMBER** | | |
| Charné Kemp | charne.kemp.writer@gmail.com | |
| **ADVERTENSIES / ADVERTISEMENTS** | | |
| Natasha Ingram | natasha.ingram@media24.com | 082 567 3883 |
| **BETREKKINGS / VACANCIES** | | |
| Noleen Petersen | noleen.petersen@media24.com | 051 404 7813 |
| **REGSKENNISGEWINGS / LEGAL NOTICES** | | |
| noordkaapbulletinlegals@media24.com | | 051 404 7600 |
| **GEKLASSIFISEERD / CLASSIFIEDS** | | |
| noordkaapbulletinadverts@media24.com | | 051 404 7600 |

**OMBUDSMAN**



Kontak NoordkaapBulletin se ombudsman oor klagtes: Stuur alle klagtes, navrae of voorstelle oor die inhoud van die koerant aan ons ombudsman, George Claassen, by 083-543-2471 of 021-851-3232 of na george.claassen@media24.com. Geen redaksionele materiaal of advertensie mag gereproduseer word sonder die toestemming van Media24 nie (artikel 12(7), Wet op Kopiereg 1978).

Press Council FAIR

NoordkaapBulletin proudly displays the "FAIR" stamp of the Press Council of South Africa, indicating our commitment to adhere to the Code of Ethics for Print and online media, which prescribes that our reportage is truthful, accurate and fair. Should you wish to lodge a complaint about our news coverage, please lodge a complaint on presscouncil.org.za or email the complaint to enquiries@ombudsman.org.za. Contact the Press Council on 011-484-3612.